

BENIGE ONSTABILITEIT

Inleiding:

Die glenohumerale gewrig is 'n komplekse gewrig met 'n bal-en-potjie ontwerp wat beweging in verskeie rigtings toelaat. Buiten die omliggende spiere en saamgestelde ligamente sowel as die kraakbeenring, is die pas van die kop in die benige potjie ook belangrik vir die stabiliteit van die gewrig.

Onstabiliteit:

Met forsering van die humeruskop uit die potjie tydens 'n ontwrigting kan 'n benige defek ontstaan op die rand van die potjie (glenoïed) met of sonder 'n benige defek in die kop. Dit maak die skouer makliker hêrontwrigbaar in sekere posisies en lei tot herhaalde ontwrigtings, soms selfs met alledaagse aktiwiteite.

Klassifikasie:

Klassifikasie van hierdie benige onstabiliteit word bepaal deur die posisie en grootte van die defek in die glenoïed en die kop sowel as die rigting waarin die kop op die glenoïed ontwrig.

Behandeling:

Chirurgiese herstel is gewoonlik nodig in hierdie gevalle om herhalende ontwrigtings en die gevolglike ontstaan van degeneratiewe artritis sover moontlik te beperk.

Beide oop en artroskopiese tegnieke word aangewend om benige stabilisasie te doen en word bepaal na aanleiding van die voorkeur van die chirurg en die tipe defekte wat teenwoordig is.

Na die operasie:

Die arm word beskerm in 'n stutverband tot dit veilig is om te verwyder. Oefeninge word ingestel om te help met die omvang van beweging en spierkrag om die skouergewrig. Funksie van die geopereerde ledemaat word geleidelik hervat afhangende van die pasiënt se omstandighede. Kompetierende sportmense en fisiese arbeiders word oor 'n periode van 5 tot 6 maande geleidelik ingelei tot maksimum herstel.